

Kammaland - e:

Goeie dag maatjie! Is jy reg om weer vandag in Kammaland te gaan kuier? Vat mamma, pappa of jou teddiebeer se hande en maak jou ogies toe. Draai drie keer in die rondte. Stop, maak oop jou ogies en gaan sit sommer net daar waar jy is.

“Hallo maatjie,” sê Willie. “Welkom in Kammaland! Ek wil vandag bietjie loer of jy die klankies wat ons geleer het kan skryf. Verbeel jou jou hand is ‘n stukkie papier en jou ander hand ‘n potlood. Ek gaan nou die klankies een vir een in mamma se oor fluister en dan moet jy hulle in jou hand skryf. Is jy reg?” (Mamma vra die volgende klankies: w, v, m, n, r, l, h, t, o, a, g, b, s en f)

“Mooi so maat! Hier kom Manie en Nettie ook nou aan. Ek wonder wat gaan hulle vandag vir ons leer.”

“Hallo maatjie! Nettie oefen al heel oggend om te huppel. Kan jy dalk saam huppel om haar te wys hoe om dit te doen?”

“Ja maatjie, dit sal so lekker wees. Staan op en huppel saam.”

“Nettie sal julle asb. nou stop! Ek kan nie meer nie. My hasie-ore hang al so moeg is ek.”

“Ai Manie, ons het dan nou so lekker gehuppel.”

“Ja, maar ek is nou so dors van al die gehuppel. Waar gaan ek iets kry om te drink?”

“Waar dink jy kan Manie iets kry om te drink? Dalk by Rudie die kraan?”

“Ja, maar ek wil uit iets drink, anders val die water op my voete en ons kan nie water so mors nie! Maat, wat dink jy kan ek gebruik om uit te drink?”

“Sjoe, maar jy is slim. Jy kan ‘n emmer gebruik om uit te drink, Manie.”

“Dit is ‘n goeie plan Nettie! Nou kan ek lekker drink! Jy mag ook maar ‘n paar slukkies water neem Nettie. Soja maar, dit was nou baie lekker. Dit is darm ‘n lekker ou emmer.”

“Manie, daar is ons nuwe klankie – **e** vir **emmer**. Ons kan die klankie ook in woordjies gebruik, soos m-**e**-s, s-**e**-s, b-**e**-s, f-l-**e**-s. As ons mooi kyk lyk “e” soos ‘n emmer, net met ‘n klein openinkie! Het jy dalk ‘n e-klankie in jou naam? Nou kan jy en mamma lekker oefen om dit te skryf hoor. Ons gaan nou eers lekker rus. Totsiens maat!”

Vat weer mamma, pappa of teddie se hande, maak toe jou oë en draai drie keer in die rondte. Maak nou oop jou oë en onthou om jou nuwe klankie te oefen.



